



God het Baie Name

Elke seun en elke meisie het 'n naam. Ek het 'n naam. Jy het 'n naam. As iemand sou vra, "Wie is jy?", dan sê jy jou naam. Jou naam vertel wie jy is.

Mamma gebruik jou naam as sy vir jou roep en as sy met jou praat, en as sy van jou praat. Jou naam beteken *jy*. As Mamma Kobus se naam roep, dan hoef Karina nie te antwoord nie. As mamma Karina se naam roep, dan hoef Kobus nie te antwoord nie.

God se Naam vertel vir ons wie God is. Maar God het baie Name. Partykeer noem ons Hom, "Onse Vader in die hemel". Partykeer sê ons, "Almagtige God". As ons bid, sê ons partykeer, "Here Jesus" of "Getroue Vader".

Die Bybel vertel vir ons van 'n baie wonderlike Naam van God.

Baie lank gelede het God met 'n man gepraat, wie se naam Moses was. Moses wou graag sy mense help, omdat hulle in Egipte in die moeilikheid was. Maar Farao, die koning van Egipte, was baie kwaad vir Moses, sodat hy moes weghardloop. Eendag, toe Moses skape oppas, sien hy 'n bos wat aan die brand was. Die bos het gebrand en gebrand, maar dit het nie afgebrand nie. Moses stap toe nader om te kyk hoekom die bos nie afbrand nie. Toe het God *vanuit* die bos met Moses gepraat.

God het vir Moses gesê om na Egipte te gaan, om sy mense te help. Hy het vir Moses gesê, "Gaan en lei my volk uit Egipte uit."

Maar Moses was *bang* om te gaan. Hy sê toe, "Wat moet ek vir hulle sê as hulle vir my vra wie my gestuur het?"

God sê toe vir Moses, "So moet jy die kinders van Israel antwoord: *EK IS* het my na julle gestuur." God sê, "My Naam is *EK IS*."

Is dit nie 'n snaakse naam vir God nie?

Dit is 'n naam wat vir ons wonderlike waarhede van God vertel. *EK IS* beteken, "Ek het nooit 'n begin gehad nie; Ek is altyd al hier; Ek verander nie; Ek sal altyd dieselfde bly."

Die naam *EK IS* vertel ons dat God *ewig* is; Hy is *altyd dieselfde*; Hy is altyd *getrou*; Hy verander nooit nie en hou altyd sy beloftes.

Die wonderlikste naam van God is *Jesus*. Dit is 'n Naam bo *alle ander* name. Die Bybel leer ons dat elke knie eendag voor die Naam Jesus sal buig. *Daardie* Naam leer ons dat Hy ons *Redder* en *Saligmaker* is.

God se wet leer ons dat ons die Naam van God *versigtig* moet gebruik. Ons moet sy Name net gebruik wanneer ons met Hom *praat* of wanneer ons van Hom praat. God se Name is heilig, omdat God self heilig is.

Gesels hieroor:

1. Hoekom was Moses bang om God se mense te gaan help?
2. Hoekom het die Naam van God hom gehelp om nie bang te wees nie?
3. Hoekom is die Naam van Jesus die wonderlikste Naam van almal?

Die profeet Daniël het eendag gesê,

"Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid."

(Dan 2:20)

Wat ons kan lees:

Exodus 3:1-4 en 10-14

Hierdie lied help ons om God se Naam te prys en te eer.

Prys die Naam van onse HEER!
Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer,
Al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis
Van sy naam wat lieflik is.

Hy sal seën wie Hom vrees,
Groot en klein wat op Hom wag;
Ja, Hy sal hul allermees
Seën in hul nageslag.
Hy wat spreek, en 't het geskied,
Sal sy seën oor hul gebied.

Gebed:

O God, onse Vader in die hemel, ons is so bly dat ons U Naam kan aanroep. Ons weet dat U na ons sal luister. Seën ons, o HERE, en help ons om U heilige Naam te eer en te verheerlik. Amen.

Deel 2 : Bybelverse om te onthou

Kan jy vertel wat elkeen van hierdie Bybelverse beteken?

1. Die HERE is God, bo in die hemel en onder op die aarde. (Deuteronomium 4:39).
2. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE. (Jeremia 23:24).
3. U ken my sit en my opstaan (Psalm 139:2).
4. Die HERE is groot en baie lofwaardig (Psalm 145:3).
5. Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol! (Jesaja 6:3)
6. En al die aardbewoners word as niks geag nie (Daniël 4:35).
7. Hy wat dit beloof het, is getrou (Hebreërs 10:23).
8. Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid (Daniël 2:20).

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*